

Maandag 19 September

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 9:9-13

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 9:13

Jou belydenis raak meer as net jou lippe

Om die evangelie van Christus te bely, is maklik. Enige mens kan mooi woorde oor sy lippe laat rol. Meeste van ons bely elke Sondag ons geloof in die Here. Daarmee sê ons in Wie ons glo. Ons sê ook in WAT ons glo: in die evangelie van Jesus Christus.

Dit is waaroor Paulus met hierdie Christene in Korinte praat. Hy noem hulle mense wat die evangelie van Christus glo. Hoe het Paulus dit geweet? Waarom was hy so oortuig daarvan?

Die bewys van die opregtheid van hulle belydenis het gelê in die feit dat hierdie belydenis nie net op die lippe geëindig het nie. Dit het verder gegaan – ook na die hande en harte. Wat gebeur het, is dat Paulus geld ingesamel het vir die Christene in Judea. Hulle het finansiële baie swaargekry. Die Korintiërs was bereid om mildelik vir hierdie mense in Judea by te dra. Hulle harte en hande was oop! Dit was die bewys dat hulle belydenis opreg was.

Aan ons is die boodskap dit: 'n Belydenis van die evangelie gaan verder as jou lippe. As dit opreg is, beheers dit jou hele lewe. Die evangelie (die goeie nuus) is 'n boodskap van die grootste geskenk ooit. Dat Christus vir ons die ewige lewe gegee het deur sy dood aan die kruis. As dit jou aangryp, gaan dit ook van jou 'n vrygewige mens maak.

Hoe gebeur dit? Dit vra van jou geloofsverantwoordelikheid. Dit vra van jou om jou te onderwerp aan hierdie evangelie waarin jy glo. So word jy 'n voortwerker van wat Christus op aarde begin het. Wat 'n vreugde! Wat 'n voorreg!

Sing: Psalm 40:4 (1936)

Dr. SF (Francois) Kruger (Middelburg-Noord)